anton goosen
Laurika rauch

TRUK BIED AAN
PACT PRESENTS

anton goosen
Laurika rauch

met/with

ROB BAILEY
basghitaar/bass guitar

BARRY LANGTON
ghitaar/guitar

RALPH MADEIRA
klank- en beligtingstegnikus/
sound and lighting technician

TOER/TOUR 9.9.1982 – 6.10.82

TRUK PACT

SUKOVS PRETORIA STATE THEATRE

die nuwe afrikaanse musiek

Vandat Sonja Herholdt ongeveer ses jaar gelede van Anton Goosen se liedjies begin sing en dierbaar en bekend gemaak het, het daar ook ander mense begin om 'n nuwe klank en inhoud aan die Afrikaanse liedjie te gee.

Die eintlike "deurbraak" vir of "bewuswording" van die nuwe Afrikaanse lied het gekom toe Anton Goosen die treffersparades gehaal het met sy Kruidjie-roer-my-nie. **Kort hierna is daar 'n TV-program gebeeldsaai,** Musiek en Liriek, **wat 'n vertoonkas was vir onder andere die musiek van Anton Goosen, Koos du Plessis en Laurika Rauch. Mynie Grové, Laurika Rauch, Des Lindbergh en Sias Reynecke het hierin opgetree.**

Ook in dié tyd (Augustus – September 1979) het die temaliedjie van die TV-reeks Phoenix & Kie, **naamlik** Kinders van die wind **(gekomponeer deur Koos du Plessis) ook die treffersyste gehaal. Dit was 'n deurbraak vir en die begin van 'n loopbaan vir Laurika Rauch.**

Die Markteater in Johannesburg het twee speelvakke van Musiek en Liriek-aande aangebied waar mense soos Anton en Laurika, Clarabelle van Niekerk, Koos du Plessis, Coenie de Villers, Jannie du Toit en Annali van Rooyen en ander ook opgetree het.

Dit het in 'n gemaklike koffiekroeg-atmosfeer plaasgevind en het baie aandag en opgewonde gehore getrek.

Die pers het oorgeneem en meer en meer ruimte aan die betrokke kunstenaars begin afstaan.

Sedert hierdie "begin" in 1979, het baie kunstenaars van hulle laat hoor. 'n Gehoor- en luisterpubliek is geskep wat steeds besig is om te groei en dit meer en meer moontlik maak vir die kunstenaars om 'n bestaan uit hulle optredes te kan maak.

Daar is reeds Musiek- en Liriek-programme deur SUKOVS geborg (in Maart/April 1980) asook deur SBW, vir wie ons in die Oude Libertas-amfiteater in Stellenbosch opgetree het. Ook UNISA het 'n paar aande van "Sang en Vers by Opsitkers" aangebied.

Die nuwe liedjie groei steeds en die kunstenaars kry geleentheid om hulle vlerke te sprei oor 'n wye spektrum van die vermaaklikheidswêreld.

Wat ons beoog met ons nuwe liedjie? In Stephan Bouwer se woorde: "Dat hy moet groei en gedy en uitoevervrugte dra! "

Hy moet kontemporêr wees, sodat sowel die jeug as die meer gesofistikeerde luister-publiek elkeen op hulle eie vlak kan identifiseer met en luister na die liedjies.

anton goosen

ANTON (Liedjiesboer) GOOSEN is aan die voet van Rustenburg in Middelburg (Kaapland) gebore, het op Kroonstad in die Vrystaat grootgeword en het op Heidelberg (Transvaal) vir onderwyser studeer. Daarna, sewe jaar lank skoolgehou. Maar die onderwys was nie vir hom bestem nie en hy het in 1979 op die toneel verskyn met die trefferliedjie **Kruidjie-roer-my-nie** wat hy self geskryf en opgeneem het. Die liedjie was 'n onmiddellike sukses, het heel bo aan die gewildheidsleer geklim en aan hom vinnig sy eerste goue plaat besorg. In dieselfde jaar is sy debuut-langspeler, **Boy van die Suburbs**, uitgereik wat goueplaat-toekennings losgeslaan het. Konserttoere oor die lengte en breedte van die land is nou aan die orde van die dag en hy gun homself net vier Sondae per maand vry.

Anton het die lied weer aktueel gemaak, of dit nou Zeerust is of die Kaap wat weer Hollands is, en of dit by Ta'Mossie se Boeredans is! Hy het onlangs sy vollengte-musiekprent **Jors Troelie – Die Moewie** voltooi. Dit sal in Oktober landwyd versprei word.

Laurika rauch

LAURIKA RAUCH is in Kaapstad gebore. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Jan van Riebeeck en studeer daarna Drama onder leiding van Rina Botha aan die Universiteit van Stellenbosch. Nadat sy haar graad verwerf het, hou sy skool in Kaapstad en sluit haar daarna by Robin Malan se TRUK-Speelwerk in Pretoria aan. Hierna verhuis sy na Johannesburg, waar sy haar vryskutloopbaan as sangeres en aktrise aandurf en ook haar Hoër Onderwysdiploma by Unisa verwerf. Sy komponeer liedjies na verse van Boerneef in opdrag van die Universiteit van Potchefstroom en verskyn op televisie in **Fyn net van die Woord.**

Sy word versoek om Jana Cilliers se sangstem in **Phoenix en Kie** te vertolk en 'n jaar later bereik die treffer **Kinders van die Wind** binne drie weke "goue" status.

Ander plaatopnames volg en haar eerste album, **Debuut** bereik in sy eerste jaar "goue" status. In die daaropvolgende jaar maak sy haar tweede album getitel **'n Jaar in my lewe** en verskyn op televisie **In Musiek en Liriek.** Sy is een van drie sangers wat in Taubie Kushlick se suksesvolle kabaret **Encore Bra** optree wat ses maande lank opgevoer word en ontvang daarna 'n nominasie vir 'n Dalro-toekenning.

Sy ontvang ook die Springbokradio-toekenning vir die belowendste sangeres van die jaar. Sy staan deurentyd in die kalklig as eksponent van die nuwe Afrikaanse lied en verskyn in 1981 in haar eerste televisieprogram **Laurika Rauch in Revue.**

Gedurende 1982 tree sy saam met Anton Goosen op in 'n aanbieding wat deel vorm van die openingseisoen van die Staatsteater Pretoria. Haar derde album,**Vir Jou**, is in November 1981 vrygestel. In Maart 1982 word haar seun, Simon, gebore.

Tans werk sy aan 'n nuwe album wat in Desembermaand vrygestel sal word.

program • programme

anton

sing onder andere

1. Kruidjie-roer-my-nie
2. Boy van die Suburbs
3. 'n Brief vir Simone
4. Dik Zol
5. Liedjieboer–blues
6. Waterblommetjies
7. Boereblues in G nommer 1
8. Josie-Josie
9. Jy's 'n lady
10. Ek en jy en onse onstwee
11. Blommetjie gedenk aan my
12. Byeboerwa
13. Harlekyn

Laurika

sing onder andere

1. Kinders van die Wind
2. Die Mense wat ek liefhet
3. Ek maak net soos ek wil
4. Alleen
5. Vergeet om my te vergeet
6. Toemaar die donker man
7. Vir jou
8. Sprokie vir 'n stadskind
9. As almal ver is
10. Don Quixote
11. Kelkiewyn
12. Mpanzaville
13. Op my ou ramkiekie
14. Straattroebadoere

Die volgende plate het reeds die lig gesien:

ANTON GOOSEN

1. Boy van die Suburbs
2. 2e Laan 58
3. Liedjieboer
4. Jors Troelie

RPM

LAURIKA RAUCH

1. Debuut
2. 'n Jaar in my lewe
3. Vir jou

RPM

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE
(Ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk)
PERFORMING ARTS COUNCIL TRANSVAAL
(Incorporated association not for gain)

Die Raad/The Board: Sy Edele/The Honourable W.A. Cruywagen (Voorsitter/Chairman), Dr. C.L. de Bruyn (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), Mnr./Mr. J.J.H. Booysen, Prof. G. Cronjé, Dr. G.J. Davidtsz, (Mnr./Mr. S. de K. Venter, alt.), Mnr./Mr. H.L. du Toit, Mnr./Mr. S.O. Goodwin, Prof. J.H. Jooste, Mnr./Mr. C.G. Kerr, Mnr./Mr. S. Moss, L.P.R./M.P.C., (Mnr/Mr. C. Venter, alt.), Mnr./Mr. G. Roos, Mnr./Mr. J.J.S. van der Spuy.

Lewenslange beskermhere/Life patrons: Arthur Kaplan Juweliers/Jewellers
Norex Holdings (Edms) Bpk/(Pty) Ltd
Volkskas Bpk./Ltd.

Jaar-donateur/Annual sponsor: Namascor

Direktoraat/Directorate	
Direkteur/Director	Eghard van der Hoven
Adjunk-direkteur, Administrasie/Deputy Director, Administration	Pieter Koster
Adjunk-direkteur, Beplanning/Deputy Director, Planning	Gerrit Geertsema
Musiekdepartement/Music Department	
Hoof van Musiek/ Head of Music	Schalk Visser
Musiekbestuurder/Music Manager	John Ivor Pullin
Organiseerder/Organiser	Brigitta Kirsten
Staatsteater Pretoria/State Theatre Pretoria	
Hoofbestuurder/General Manager	Dennis Reinecke
Adjunk-hoofbestuurder/Deputy General Manager	Jan du Toit
Hoof: Instandhouding/Head: Maintenance	Abie Feistel
Administratieve bestuurder/Administrative manager	Leon Strauss
Skakelamptenaar/Public Relations officer	Thea Meyer
Openbare Betrekkinge/Public Relations	
Hoof/Head	Ulrich Stark
Publisiteitsbestuurder/Publicity Manager	Fanus Bothma
Bestuurder, Drukwerkateljee/Manager, Printing Studio	Lyle Evans
Hooffotograaf/Chief Photographer	Bob Martin
Rekenkundige Afdeling/Accounts Department	
Hoofrekenmeester/Chief Accountant	Wicus Botha
Personeelbestuurder/Personnel Manager	Myra Gibbons
Bemarkingsafdeling/Marketing Department	
Bestuurshoof/Administrative head	Phillip Swart
Assistent-bemarkingsbestuurder/Assistant Marketing Manager	Lloyd Grobler
Hoofvoorraadekontroleur/Chief controller: stores	Edgar Lewis
Perskakelamptenaar vir musiek/Press relations officer for Music	Emerentia Hutten